

STORT EN BESPAAAR

Jy kan water, elektrisiteit en geld spaar wanneer jy stort. Laat Cashbuild jou help deur te wys hoe om jou eie stort deur aan te bring

DEESDAE is ons almal pynlik bewus van die noodsaaklikheid van waterbesparing – én elektrisiteitsbesparing, veral weens toekomstige skerp tariefstygings wat in die vooruitsig gestel word.

Jy kan twee vlieë met een klap slaan deur jou bad vir 'n stort te verruil – en dis boonop goedkoper. Die verbruikerskampioen Cashbuild sal jou help deur te wys hoe jy 'n draaideur vir 'n storthokkie kan maak. Of jy nou 'n nuwe stort aanbring of 'n ou een 'n bietjie opkikker, lees hier hoe dit gedoen word.

*Die deur wat in die stapsgewyse instruksies gebruik is, kan na links of regs oopmaak. Draaideure maak soos skarnierdeure oop, maar egaliger. Hulle neem ook 'n bietjie minder spasie op wanneer dit oopgemaak word.

JY HET DIÉ GEREEDSKAP NODIG

Waterpas, ster- en plat-skroewedraaiers, potlood, silikoon-seëlaar, boor, 6 mm-klip-boorpunt, 3,2 mm HHS- (ultra-hoëspoed staal) boorpunt, maatband, rubberhamer, kabel- en pypverklikker, seildoek, glas-skoonmaakmiddel, papierhanddoeke, alkohol (om die mure en drumpel mee skoon te maak voor jy die silikoon aanwend).

VOOR JY BEGIN

- Maak seker jy't al die toebehore wat saam met die stordeur verpak is.
- Gebruik 'n kabel- en pypverklikker om die posisie van elektriese kables en waterpype in die mure waar jy gaan werk, vas te stel.
- Alle oppervlakke moet deeglik skoon en droog wees.
- Die stort se oppervlak moet gelyk wees.

STAP VIR STAP

Meet vanaf die punt op die stort se drumpel waar die deur gaan swaai om te verseker daar is nie enige hindernisse wanneer dit oopmaak nie. Draai die deur indien nodig



STAP 1 Boor gate deur albei muurkanale (ronde kante) van die buitense raam tot in die muur of hoekstut. Sit muurproppe in die geboorde gate.

STAP 2 Gebruik die 8 x 50 mm-skroewe wat saam met die deur verskaf is om die kanaal aan die muur naaste aan die draaipunt te heg. Maak seker die ronde kante van die kanale wys na die buitekant van die stort. Plaas die deurraam in sy kanaal (a). Sit dit dan in die muurkanaal aan die teenoorgestelde kant met die ronde kant na buitekant (b). Maak seker die kanaal en swaairaam pas presies (c).

STAP 3 Stoot die deurraam terug in sy plek. Skroef die tweede muurkanaal stewig aan die muur of hoekstut vas oorkant die eerste een. Gebruik plastiekproppe wat verskaf is om die gate van die buitenste raam toe te maak. As jy die beweging van die deurraam moet regstel, maak die twee skroewe in die draaipunt-blok effens los en beweeg die blok totdat die deur vrylik beweeg.

Maak seker die deurmagnete is gelyk sodat die deur ordentlik werk. Plaas die plastiekproppe wat verskaf is bo en onder die

draaipunt-blok om die skroefgate toe te maak.

STAP 4 Heg die spatskerm deur dit af en dan in die rigting van die drumpelspoor te druk totdat dit in posisie pas.

STAP 5 Heg die deurraam vanaf die binnekant van die stort met die 8 x 9,5 mm-skroewe wat verskaf is. Maak die skroewe met die plastiekproppe toe.

Wend silikoon-seëlaar aan waar die buitense raam die muur en stortoppervlak ontmoet. Maak dadelik die silikoon egalig vir 'n netjiese voorkoms. Laat staan vir 24 uur voordat jy die stort gebruik.

STORTWENKE

- Lang storte eis hul tol op water, elektrisiteit en jou beursie – hou dus die tyd dop wanneer jy 'n stort – 'n sandloper sal jou help om by die vier minute te hou.
- Vervang die stortkop met een wat die watervloei beperk – dit verminder die water-vloei tot 15 liter per minuut. Deur dit te doen kan 'n familie van vier sowat 9 600 liter per maand spaar.

Vir meer inligting skakel die Cashbuild-klieëndiensnommer 0860-100-582.

Cashbuild-winkels is landwyd geleë. □



HET JY GEWEET?

- 'n Bad gebruik gemiddeld 140 liter water. 'n Gemiddelde stortkop laat 30 liter per minuut uit – 'n stort van vier minute lank gebruik dus 120 liter water. Oor 'n tydperk van 30 dae sal 'n gesin van vier 2 400 liter water spaar deur elke dag te stort in plaas van bad.
- Cashbuild bereken dat jy gemiddeld 5,9 kWh (kilowatt-uur) se elektrisiteit gebruik wanneer jy 'n warm bad tap. 'n Stort gebruik slegs 1,73 kWh. Dit beteken jy bespaar sowat tweederdes op kragverbruik terwyl jy steeds 'n warm stort kan geniet.

